

10

JOSEF

God praat ook deur Josef

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet verstaan hoe God deur Josef gepraat het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- God Josef help om drome uit te lê.
- die drome van die koeie en die koring 'n bepaalde betekenis het.
- God Josef in die koning se paleis plaas.
- God Jakob en sy gesin in Egipte versorg.
- God ons ook versorg.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees –

- dat God mense se omstandighede kan verander.
- dat God ten spyte van mense se swakhede sy kinders versorg.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die feite oor God se plan met Josef kan weergee.
- die uitleg van die farao se drome kan vertel.
- dankbaarheid vir God se versorging gaan ervaar.

MEER INLIGTING (Genesis 37 en 39-41)

Josef was die oudste seun van Jakob en Ragel. Hy was Jakob se lieflingseun. Jakob het vir Josef voorgetrek en vir hom lang klere met moue gemaak. Sy broers was jaloers.

Josef het allerhande drome gehad en dit aan sy broers vertel. Volgens die drome sou hy oor hulle heers. Hulle was so kwaad dat hulle hom wou doodmaak. Hulle het hom in die veld gekry en in 'n ou droë put gegooi sodat hy sou doodgaan. Toe daar handelaars verbykom, het sy broers hom uit die put gehaal en verkoop as 'n slaaf. Hulle het sy klere met 'n boklam se bloed besmeer en voorgegee dat Josef dood is.

Josef is verkoop aan Potifar, die hoof van die farao se lyfwag, in wie se huis hy 'n slaaf was. Potifar se vrou wou Josef verlei, maar hy het nie toegegee nie. Sy het sy klere gegryp en hom beskuldig dat hy haar wou aanrand. Sy het dit ook aan Potifar vertel, en hy was baie kwaad. Hy het Josef in die tronk laat gooi. In die tronk was Josef pligsgetrou. Die tronkbewaarder het hom in beheer van al die gevangenes geplaas.

Daar het ook 'n skinker en 'n bakker van die farao in die tronk beland. Hulle het altwee drome gehad. Josef het die drome uitgelê. Net soos hy dit uitgelê het, het dit gebeur. Die skinker is na drie dae in sy werk herstel, en die bakker is na drie dae doodgemaak.

Die farao het ook drome gehad. Hy het gedroom: Hy het langs die Nylrivier gestaan toe sewe mooi vet koeie uitkom en in die vleigras gaan wei. Na hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer en het langs die ander koeie op die rivierwal gaan staan. Toe vreet die lelike maer koeie die sewe mooi vettes op. Daarna het die farao wakker geskrik. Hy het weer aan die slaap geraak en weer gedroom. Hy het gesien hoe sewe mooi vol koringare opskiet aan een stingel. Na hulle kom daar toe sewe skraal are uit wat verskroei is deur die oostewind. Die skraal are sluk toe die sewe vol vet are in. Daarna het die farao wakker geskrik, en hy het besef hy het gedroom. Niemand kon die drome verklaar nie.

Die skinker van die farao onthou toe dat Josef sy droom twee jaar vantevore uitgelê het. Hy het die farao vertel, en Josef is na die farao gebring. Nadat die farao die drome vertel het, het Josef die drome so verklaar: Die farao se twee drome het net een betekenis gehad. Wat God wou doen, het Hy aan die farao in die drome meegedeel. Die sewe mooi koeie is sewe jare en die sewe mooi are is sewe jare. Die sewe maer, lelike koeie wat daarna uit die rivier gekom het, en die sewe skraal are wat deur die oostewind verskroei is, is ook sewe jare, sewe jare van hongersnood. Daar sou in die hele Egipte sewe jaar lank groot oorvloed kom. Dan sou daar sewe jare van hongersnood aanbreek. Die mense sal die voorspoed wat daar in die hele Egipte was, vergeet, en die hongersnood sal die land op sy knieë bring. Die hongersnood sal so erg wees dat 'n mens later niks meer van die oorvloed sou sien nie.

Die farao het gedink Josef is baie slim en het hom as tweede in bevel aangestel oor die hele Egipte. Hy moes toesien dat die opbrengs van die sewe goeie jare se oeste weggebêre word, sodat daar genoeg kos sou wees vir die sewe jare van hongersnood. Josef het met 'n priester se dogter getrou en het twee seuns gehad.

Die hongersnood het die hele bekende wêreld getref. Ook Josef se broers het gehoor dat daar kos in Egipte te koop was. Hulle het gaan kos koop en by Josef gekom, sonder om hom te herken. Hy wou hulle gesindheid toets. Hy het aan hulle kos verkoop en oor hulle familie uitgevra. Hulle het hom van Benjamin vertel. Hy het gemaak of hy hulle nie glo nie. Hulle kon huis toe gaan op voorwaarde dat hulle vir Benjamin gaan haal, maar Simeon moes agterbly. Hulle moes vir Benjamin saambring as hulle weer kos wou koop en vir Simeon wou terughê. Hy het ook al hulle geld terug in die sakke laat sit. Toe die broers hulle geld ontdek, was hulle baie bang.

Jakob, hulle pa, wou Benjamin nie laat gaan nie, omdat Benjamin ook 'n seun by sy liefingvrou, Ragel, was. Jakob moes later maar ingee. Hulle moes Benjamin saamvat om weer kos in Egipte te gaan kry. Juda het onderneem om Benjamin terug te bring. Josef het Simeon vrygelaat en hulle laat gaan. Josef het sy beker in Benjamin se sak versteek. Josef het sy soldate gestuur om die een te arresteer in wie se sak die beker was. Toe hulle die beker in Benjamin se sak kry, het al die broers saam teruggegaan na Josef toe. Josef het gemaak of hy Benjamin permanent in Egipte wil hou. Juda het om genade gesmeek. Toe het Josef hom aan sy broers bekendgemaak. Eers was hulle baie bang. Later was almal bly, want Josef het Jakob en die res van die familie laat haal en in Gosen, 'n deel van Egipte, laat woon.

Die slegte dinge wat met Josef gebeur het, het God in iets goeds omgedraai: Josef kon sy familie en die hele wêreld van hongersnood red. Josef het sy familie na Egipte toe laat kom. Hulle het in Gosen gewoon en 'n groot volk geword.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Pak lekkers of enige ander soortgelyke prys vir die wenspan van die vasvraakompetisie.
- 'n Hersieningsvraebank vir elke kind uit Lesse 1-11.
- 'n Vraestel vir elke kind uit Lesse 1-11 opgestel uit die vraebank se vrae.

Belangrik. Kyk deeglik by Les 12 hoe jy te werk moet gaan met die hersiening.

KOM ONS BEGIN

Open met 'n gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Vra die kinders vrae oor die besoek aan 'n inrigting vir persone met gestremdhede of 'n persoon met 'n gestremtheid.
- Kontroleer dan ook of hulle die woordbank en vrae voltooi het, en merk die antwoorde saam met die kinders.

WOORDBANK

hardkoppig	stout	verstandelik gestremd	blind
doof	verlam	kreupel	moedswillig

- 'n Persoon wat nie kan sien nie. *Blind.*
- 'n Persoon wat sy of haar been of arm verloor het. *Verlies van 'n ledemaat.*
- 'n Persoon wat nie kan hoor nie. *Doof.*
- 'n Persoon wat nie kan loop nie. *Verlam.*

- 'n Persoon wat met geboorte of tydens 'n ongeluk 'n baie ernstige kopbesering opgedoen het. *Verstandelik gestremd.*

FEITE

- As gevolg waarvan kan 'n persoon gestremd wees of raak? *'n Persoon word so gebore of kan in 'n ernstige motorongeluk beseer word.*
- Noem verskillende tipes gestremdhede. *Doofheid, blindheid, verlamming, verlies van 'n ledemaat en verstandelike gestremdheid.*
- Waarvan hou mense met gestremdhede glad nie? *Om bejammer te word.*
- Watter gesindheid moet ons hê teenoor gestremdheid? *Ons moet begrip en empatie hê vir mense met gestremdhede.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Drome is deel van ons alledaagse lewe. Drome vind plaas wanneer ons diep slaap. As ons wakker word, kan ons soms nie onthou wat ons gedroom het nie, ander kere is dit sommer glashelder. Ons droom, want dit is dinge wat ons in ons onderbewussyn dalk ontstel het, of iets waaroor ons wonder en wat ons kan pla. Baie keer weet ons nie wat die betekenis van die droom kan wees nie.

God het in die Bybelse tyd mense die wysheid gegee om drome uit te lê. So 'n persoon was Josef. God het aan hom die gawe gegee om die farao se drome uit te lê.

IETS INTERESSANT

Vertel die inhoud van die les verder deur gebruik te maak van die besonderhede by MEER INLIGTING.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- God het Josef gebruik om al die drome uit te lê.
- Die farao het gedink dat dit Josef is wat so slim is, maar het erken dat dit God is.
- Daar sou vir sewe jaar oorvloed aan kos in Egipte kom.
- Daarna sou daar hongersnood vir sewe jaar lank in Egipte kom.
- Hoewel Josef deur sy broers verneder is, is hy aangestel om Egipte net onder die koning te regeer.
- Die slegte dinge wat Josef se broers met hom aangevang het, het God in iets goeds verander.
- Deur Josef het God die wêreld en Josef se familie van hongersnood gered.
- God sorg altyd vir sy kinders.

IETS OM TE DOEN

- Deel die kinders in twee groepe. Laat die een groep Genesis 40: 1-23 (A) opsoek en die ander groep Genesis 41: 1-16 en 39-43 (B). Albei groepe lees die gedeelte deur en gee dan hulle Bybels in. Sê dat hulle so goed moontlik moet onthou, want hulle gaan aan 'n kompetisie deelneem.

- Hou 'n vasvrakompetisie.
 - o Vra om die beurt vir een groep 'n vraag uit Genesis 40 en vir die ander groep 'n vraag uit Genesis 41.
 - o Elke regte antwoord tel twee punte.
 - o As 'n groep nie 'n vraag kan antwoord nie, kan die ander groep vir een punt die regte antwoord gee as hulle weet.

Groep A se vrae

- Wie het verkeerd opgetree teenoor die koning? *Skinker en bakker.*
- Wat was hulle straf toe? *Hulle is tronk toe.*
- Wie was ook saam met hulle in die tronk? *Josef.*
- Wat het een nag met die skinker en die bakker gebeur? *Hulle het elkeen 'n droom gehad.*
- Hoe het hulle die volgende oggend gelyk toe Josef by hulle gekom het? *Bedruk.*
- Wie het volgens Josef die drome se uitleg geken? *God.*
- Watter pos of amp het die skinker en die bakker beklee? *Hulle was hoofde van die skinkers en bakkers.*
- Wat het die skinker gedroom? *Hy het 'n wingerdstok gesien met drie lote. Dit het druiwe gedra. Die skinker het die druiwe uitgedruk in die koning se beker. Hy het dit vir die koning gegee.*
- Wat was die droom se uitleg? *Die skinker sou binne drie dae uit die tronk kom en weer sy werk terugkry.*
- Watter guns het Josef vir die skinker gevra? *Hy moes vir die koning vertel dat Josef onskuldig in die tronk gegooi is.*
- Wat het die bakker gedroom? *Op sy kop was drie mandjies met brood. Die voëls het dit uit die mandjie kom opvreet.*
- Wat was die uitleg van die bakker se droom? *Binne drie dae sou hy opgehang word.*
- Hoe het die skinker aan Josef 'n guns bewys? *Hy het nie 'n guns bewys en die koning van Josef vertel nie.*

Groep B se vrae

- Hoe lank na die skinker en die bakker het die koning ook 'n droom gehad? *Twee jaar.*
- Langs watter rivier het die koning in sy droom gestaan? *Nylrivier.*
- Wat het eerste uit die rivier uitgekom? *Sewe mooi vet koeie.*
- Wat het tweede uit die rivier uitgekom? *Sewe lelike maer koeie.*
- Wat het met die sewe vet en sewe maer koeie gebeur? *Die maeres het die vettes opgevreet.*
- Wat het die koning in sy tweede droom gedroom? *Hy het sewe mooi vol are aan een stingel gesien en toe sewe skraal are.*
- Wat het met die vol are en die skraal are gebeur? *Die skraal are het die vol are ingesluk.*
- Wie moes heel eerste die koning se drome kom uitleg? *Die waarsêers en die raadgewers.*
- Wat het die skinker gedoen toe die waarsêers nie die drome kom uitleg nie? *Hy het die koning van Josef gaan vertel.*
- Wat het Josef die koning geantwoord toe die koning sê ...jy lê 'n droom uit as jy hom hoor? *Nie ek nie! God gee die goeie antwoord vir u.*
- Wat het die koning se droom beteken? *Daar kom sewe jare van groot oorvloed en daarna sewe jare van groot hongersnood.*

- Wat het met Josef gebeur toe hy die koning se droom uitgelê en vir hom raad gegee het oor wat om te doen? *Die koning het Josef aangestel om net onder hom Egipte te regeer; Josef word dus onderkoning.*

Tel die punte op, wys die wenner aan en oorhandig die prys.

BY DIE HUIS

DOEN

Die kinders gaan skryf 'n kort paragraaf oor wat hulle dink God se plan met Josef was.

Moontlike feite in die paragraaf:

God het Josef gebruik om al die drome uit te lê. Die farao het gedink dat dit Josef is wat so slim is, maar het erken dat dit God is. Daar sou vir sewe jaar oorvloed aan kos in Egipte kom. Daarna sou daar hongersnood vir sewe jaar lank in Egipte kom. Hoewel Josef deur sy broers verneder is, is hy aangestel om Egipte net onder die koning te regeer. Die slegte dinge wat Josef se broers met hom aangevang het, het God in iets goeds verander. Deur Josef het God die wêreld en Josef se familie van hongersnood gered. God sorg altyd vir sy kinders.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

Wie het 'n talent ontvang om drome uit te lê?	Josef het 'n talent ontvang om drome uit te lê.
Wie se drome het Josef uitgelê in die tronk?	Die skinker en die bakker se drome.
Wie se drome het Josef ook uitgelê?	Die farao se drome.
Wat beteken die droom van die koeie en die are?	Daar sal sewe goeie jare en dan sewe droë jare wees.
Tot wat sou die droë jare lei in baie lande?	Dit sou lei tot 'n groot hongersnood.
Hoe het God vir Josef gebruik?	God het vir Josef gebruik om sy volk te laat oorleef.
Het Josef weer versoen met sy familie?	Ja, hulle het weer by mekaar uitgekome.

AFSLUITING

Sluit af met die volgende woorde uit Gesang 502: 4.

Ons Vader in die hemel,
*U bestuur sekuur en magtig
 die onmeetlike heelal.
 Nooit laat U wat U begin het,
 uit u skepperhande val.
 U, o Heer, U regeer –
 aan U alle lof en eer. Amen.*